SOEKTOG NA LIEFDE

SOEKTOG NA LIEFDE

EDNA CANE

SOEKTOG NA LIEFDE

Kopiereg © 2011 Edna Cane Swannepoel

ISBN: 978-1-920414-73-3

Alle regte voorbehou. Geen gedeelte van hierdie boek mag op enige manier of in enige vorm gereproduseer, weergegee, gestoor of oorgesend word sonder skriftelike toestemming van die uitgewer nie.

Alle aanhalings uit die Skrif in hierdie publikasie kom uit die Bybel in Afrikaans © 1983 Bybelgenootskap van Suid-Afrika. Gebruik met toestemming.

Uitgegee deur CruGuru in 2011

www.cruguru.net

Johannesburg, Suid-Afrika

Hiermee wil ek die volgende mense bedank vir van die inligting waarmee hulle gehelp het:

Pieter Swanepoel
Hansie Smit
Kobus Breytenbach
Gerhard Esterhuizen
Robert Sadler
Jean Jay Barrand

Oor Edna Cane

Edna Cane het grootgeword in Witbank, Mpumalanga, en na skool het sy in haar ouers se winkeltjie gewerk. Sy het daarna vir vyf jaar in Pretoria gebly en gewerk as kelnerin en toe weer teruggekeer na Witbank waar sy verder as kelnerin werksaam was. Na 'n baie ernstige motorongeluk en 'n jaar se herstelproses het sy vir Albertus (Swannie) Swannepoel ontmoet, met wie sy in Maart 2011 in die huwelik getree het.

Soektog na Liefde is Edna se tweede boek. Haar eerste roman, *Totsiens aan Gister*, het in April 2011 verskyn.

Edna kan op haar *Facebook*-blad gekontak word:
www.facebook.com/edna.swannepoel

Inhoudsopgawe

Hoofstuk 1 1
Hoofstuk 2 11
Hoofstuk 3 19
Hoofstuk 4 31
Hoofstuk 5 45
Hoofstuk 6 54
Hoofstuk 7 59
Hoofstuk 8 65
Hoofstuk 9 74
Hoofstuk 10 86
Hoofstuk 11 101
Hoofstuk 12 109
Hoofstuk 13 117
Hoofstuk 14 132
Hoofstuk 15 140

Hoofstuk 1

Dit reën in Mosselbaai vandag. Tracey sê Psalm 91 in haar kop op terwyl sy die glasdeure van haar studio by die gimnasium oopsluit: *Hy wat by die Allerhoogste skuiling vind en die beskerming van die Almagtige geniet, hy sê vir die Here: 'U is my toevlug en my veilige vesting, my God op wie ek vertrou.'*

Sy loop na haar *spin*-fiets en sit haar gimasiumsak op die vloer neer. Sy plaas solank die musiek-CD wat sy vir die klas voorberei het in die CD speler. Die mense begin een-vir-een opdaag en sy groet hulle vriendelik. Sy sien 'n gesig wat nie bekend lyk nie.

"Is jy nuut? Dis jou eerste klas vandag, as ek reg is?"

"Ja…" sê die vrou vol self vertroue. "Vandag my eerste klas hier, maar ek het dit al baie gedoen. As jy dalk net my geheue kan verfris met die opstel van die fiets?" Sy lag: "Ek het lanklaas *gespin*."

"Tracey, aangenaam." En Tracey steek haar hand uit. "Ek is die *spinning*-instrukteur."

"Bebe, bly te kenne."

Tracey klim van haar fiets af en loop na Bebe toe. "Kom ek wys jou gou." Sy kyk na die sitplek van die fiets: "Hier is die knop van die fiets wat jy moet draai, trek hom dan uit en stel die fiets se sitplek presies tot dit vir jou gemaklik is." Tracey stel die fiets en vra die vrou om op te klim. Hierna sê Tracey: "Jy moet altyd die sitplek se hoogte so stel dat jou knieë bietjie gebuig is as jy die pedale trap. Om makliker te weet wat is die regte hoogte, moet jy langs die fiets staan, en die sitplek moet dan by jou heup wees, dit is dan die regte hoogte. En maak seker dat jou

veters altyd in jou skoene ingedruk is, en jou voete veilig vasgemaak is op die pedale." En sy wys hoe sy die pedale se rieme moet stywer trek.

Bebe glimlag net.

"As jy voel jy kan nie meer aangaan nie, sit jou fiets..." sy wys haar waar die klein weerstandknoppie is en draai dit kloksgewys, "...op weerstand twee, en hou net aan trap. Onthou daar moet altyd weerstand op die fiets wees. Moet nooit trap sonder weerstand nie, behalwe as jy opwarm of afkoel.

"Hoe hoër die weerstand is wat jy op jou fiets stel, hoe meer gaan jy opdraande ry, en as jou weerstand laag is, is dit vanselfsprekend afdraande." Sy loop vorentoe na haar fiets en kyk vir oulaas na die nuwe vrou.

Tracey klim op haar fiets, skakel die CD-speler aan en kies die liedjie wat sy wil hê.

"Môre julle!"

Die klas groet haar vrolik terug.

"Goed, as die liedjie begin speel, dan sit ons die fiets op weerstand 3, en as die koor begin, dan is dit staande op weerstand 7. Dan weer sit en trap ná die koor op weerstand 4. Dubbel tyd is wanneer jy vinnig trap, en as die koorgedeelte weer begin dan is dit staande op weerstand 8. So gaan ons aan en aan - volg my... Begin op weerstand 3!"

Die liedjie begin speel, en daar is nog 'n paar dames wat nog grappies maak en gesels terwyl hulle besig is om te trap.

"*Okay* julle, staande op weerstand 7!" roep Tracey uit en Bebe sing uit volle bors saam.

"Dis een van my gunsteling liedjies dié, Ray Dylan se *Hoe Kan Ek Weet*!"

"Dit is 'n *stunning song* nê?" praat Tracey terug terwyl sy nog trap.

"Goed mense, julle kan maar op weerstand 4 sit..."

Bebe geniet haar gate uit.

"Het jy al *spinning* gedoen?" vra Tracey vir 'n ander oorgewig vrou wat langs Bebe sit, toe sy sien hoe die vrou sukkel.

"Nee nog nie, maar ek dink ek sal daarvan hou!" lag sy en kyk weer na Tracey. "Al sukkel ek so bietjie."

"*Spinning*-klasse is 'n goeie manier om sterk oefeninge in te kry wat baie kalorieë verbrand en jou spiere mooi vorm," antwoord Tracey. "Reg so, hier kom die koor, staande op weerstand 8..."

Die mense volg Tracey se instruksies, en sy kan sien daar is 'n paar vrouens wat al klaar moeg raak en die klas is nog nie eers klaar nie! Die sweet drup hulle af. Dis goed dat hulle sweet.

"Draai die weerstandknoppie mense," vervolg Tracey, "na weerstand 10…"

Hulle trap al moeiliker, "Nog net vyf minute!" laat Tracey hoor.

Die liedjie is klaar en die mense is moeg! Die sweethanddoeke en die bottels water word dadelik gegryp.

"Sjoe, wil jy ons dood hê?" lag 'n ander vrou. "*Near death experience*?"

Tracey lag maar net saam.

"Goed stel julle fietse na geen weerstand toe, en dan trap julle net bietjie om af te koel." Sy draai haar fiets se knop ook totdat daar geen weerstand is nie, en vat 'n slukkie van haar water. Die studio se deure gaan oop. Hester van Scalkwyk stap vinnig in en praat met Tracey: "Kry my gou in my kantoor." Sy draai om en loop na haar kantoor toe.

Hester is Tracey se bestuurder, en die een wat haar aangestel het om drie keer 'n week *spinning*-klasse te kom aanbied.

"Julle, ek moet gou die bestuurder gaan sien, as julle net kan strek voor julle huis toe gaan, hoor?" en sy stap by die deur uit op pad na Hester se kantoor. Toe sy instap, sien sy 'n ouerige vrou in Hester se kantoor sit.

"Ma!" roep sy uit en kyk Hester vraend aan.

"Ek het haar langs die pad gekry; sy het net gestap, en ek het nie 'n idee waarnatoe nie. Sy wou ook glad nie in die kar klim nie, ek moes haar smeek!"

Tracey skud haar kop. "Mammie?"

"Ek kon onthou ek moes iewers heen vandag, maar ek kon nie onthou waarnatoe nie, en voor ek my kon kry, is ek by die hek uit en by die pad af. En toe ek terug wil draai huis toe, toe kon ek nie meer onthou waar ek bly nie!" huil Sarah van Zyl, Tracey se ma.

"Toemaar ma, ons moet nou dokter toe gaan. Kom ons ry." En Tracey vat haar ma aan haar arm.

"Is alles reg?" vra Hester.

"Ons vermoed my ma het Alzheimers, en ons gaan vandag dokter toe om die uitslae te kry."

"Sterkte," is al wat Hester kan uitkry.

*****

"Kom nou mammie!" Tracey vat aan Sarah se arm, maar dié is steeks. "Kom nou mammie!" herhaal sy haarself. Tracey se man, Eric Berringham, kom nader gestap. "Kom ma, stap saam met my."

Sarah staan op en Eric hou haar arm vas, en help haar uit die kar uit. "Ons gaan nou die dokter sien, ma."

En hulle stap aan na die dokter se spreekkamers.

"Ons het 'n afspraak om Dokter van der Merwe te sien," sê Eric aan die meisie wat by die ontvangstoonbank werk.

"Ja, seker. Hy het my van julle vertel, hy wag al vir julle. Kom saam met my." En sy skuif agter haar lessenaar uit en stap voor hulle tot by die dokter se spreekkamer. Sy maak die deur oop en loer binne-in die kamer. "Dokter? Meneer en Mevrou Berringham is hier…"

"Laat hulle maar inkom," antwoord die geneesheer met 'n sagte stem.

Sy maak die deur oop en wys hulle kan maar instap. Tracey loop voor en Eric help vir Sarah wat stadig loop.

"Meneer, Mevrou," knik die dokter.

Hulle beide knik net.

Hy praat verder: "Julle vermoedens was in die kol," sê hy vinnig sonder om doekies om te draai.

Tracey sug.

Hy kyk na Tracey. "Mevrou Berringham. Ek is bevrees jou ma het Alzheimers." Die simpatie is duidelik sigbaar in sy oë. "Alzheimers is 'n ongeneeslike siekte van die brein."

Tracey sê nie 'n woord nie, Sy dink net aan Jesaja 51:12-13: "*Ek is die Here, Ek bring uitkoms vir julle. Hoe is dit dan dat jy bang is vir 'n sterflike mens, vir 'n mens wat so maklik vergaan soos gras.*" Hierna luister sy net baie oplettend na die dokter se woorde.

"Dit tas die geheue, denkwyse en emosie aan. Mense met Alzheimers vind dit moeilik om altyd die regte woorde te kry, en hulle vind dit ook moeilik om te verstaan wat mense sê. Sy gaan sukkel om haar gereelde roetine vol te hou, om haar normale take afgehandel te kry. Sy gaan nie vir haarself kan sorg nie, en sy gaan hulp nodig hê, in elke aspekte van haar lewe."

Tracey en Eric kyk na mekaar en dan gelyk na Sarah. Sy lyk so kwesbaar.

"Dit gaan moeilik wees," gaan hy voort. "Maar kyk tog goed na uself, versorg uself, want jou ma gaan," en hy kyk dan na Tracey, "totaal en al verlore wees sonder jou."

Tracey knik en dink aan Johannes 14:1: "*Julle moet nie ontsteld wees nie. Glo in God, glo ook in my.*"

"Haar buie gaan ontsettend baie verander, van aggressie tot 'n bakleiery met haar eie woorde, tot frustrasie en sy gaan jou ook verdink dat jy dinge van haar wegsteek, dat jy haar probeer uitoorlê, dat jy haar wil seermaak. Sy gaan jou ook aankla dat jy haar persoonlike besittings steel. Hierdie dinge kom net as gevolg van haar geheue wat haar in die steek laat. Sy gaan partykeer haar vermoë verloor om mense wat sy ken, te herken. Sy gaan haar besittings wil wegsteek, om hulle veilig en buite bereik van ander mense te hou. En dan gaan sy vergeet waar sy dit weggesteek het, en gaan jou dan beskuldig dat jy dit gesteel het. Jy sal afdrukke van belangrike items en dokumente moet maak."

Tracey val hom in die rede: "Ek weet sy het toe sy en my pa veertig jaar terug getroud is, 'n polis uitgeneem. Die polis bestaan nog, en die dokumente is in haar kamer iewers." Sy kyk hom fronsend aan. "Ek moet dit net soek en 'n afskrif maak?" vra sy dan.

Sarah het haar so rukkie terug van die polis vertel.

"Verkieslik ja. En maak seker dat jy altyd haar asblik nagaan voor jy dit uitgooi, daar kan ook belangrike dokumente in wees wat sy dink is nie so belangrik nie." Hy kyk na Tracey. "Kyk ook of jy haar gunsteling wegsteekplekke kan opspoor."

Hy verander gou die onderwerp. "Sê my, waar is jou pa?"

Tracey antwoord vinnig. "Hy is dood toe ek en my sussie nog op kleuterskool was."

Hy knik en tik-tak met sy pen op die tafel. "Om terug te kom by die aggressie - sy gaan aggressie toon, deur mense te byt, skop, slaan, en om dinge te breek. Sy mag jou dalk vloek ook. Dreigemente gee, slegte name noem, jou valslik beskuldig van dinge, dinge wat jy nooit gedoen het nie. En na die tyd gaan sy hulpeloos voel, bang dat dit weer gaan gebeur. Sy gaan bang, gefrustreerd, verleë, ensovoorts, voel omdat sy nie mense kan verstaan nie, en omdat hulle haar nie verstaan nie. Dit gaan onverwags gebeur.

"Frustrasie, om bang te voel wanneer sy verleë voel gaan gebeur as sy wil kommunikeer, dis hoe sy voel sy kan kommunikeer. Jy sal later wel die tekens herken. Moet ook asseblief nie dink sy doen dit met opset nie. Sy gaan nie haar aggressie op jou persoonlik uithaal nie, dit sou gebeur het met wie ook al in die omtrek is as sy in een van haar stadiums is. Hoe om dit te keer is om te kyk in watter omgewing sy haar bevind en deur haar nie so baie te laat televisie kyk of radio luister nie. Pasop ook

vir onbekende plekke. As sy een van haar uitbarstings het, moet jy net saggies aan haar skouer vat, en haar probeer kalmeer. Maar moenie dat sy voel jy onderdruk haar nie, want sy sal dan baklei.

"Hou op julle bekende roetes, want andersins gaan dit haar net deurmekaar maak. Moet haar ook nie aanvat as sy foute maak nie, sy ly alreeds aan 'n minderwaardigheidskompleks. Verduidelik ook vir die gaste dat sy hulle dalk nie sal herken as hulle kom kuier nie, en hulle moet nie druk op haar plaas nie."

Tracey luister aandagtig.

"En dan, as jy partykeer wil voel of jy wil skop en skreeu - doen dit, maar doen dit buite waar sy jou nie kan sien nie. Dit gaan haar net ontstel, en haar reaksie gaan dalk buite beheer raak. Gaan vat 'n stappie, loop weg van haar af en ontspan net - weg van haar af."

Hy sit die pen neer en kyk na Tracey wat haar trane afvee.

"Dit is emosioneel moeilik om na 'n Alzheimers-pasiënt om te sien, dus ek sal voorstel dat jy haar in 'n tehuis plaas. Julle kan wel gereeld gaan kuier." Hy oorhandig die nommers van 'n paar tehuise aan haar.

"Dankie, dokter."

Hy knik net.

Sy en Eric skuif beide hulle stoele vorentoe om gereed te maak om te gaan. Eric steek sy hand uit om die dokter 'n handdruk te gee.

Die dokter praat verder.

"Net 'n *tip*: *Never look down on someone, unless you are helping them up.*"

Eric vat dan Sarah aan haar hand en help haar op sodat hulle kan kar toe stap.

Die volgende oggend is Bebe eerste by die klas. Sy sit voor die glasdeur op die rusbank en wag, want die deure is nog gesluit en Tracey is nog nie daar nie. Bebe is baie aantreklik, met 'n rietskraal lyfie, maar goed gebou. Rooi hare en groen oë voltooi die prentjie. Sy het nou eers onlangs by die gimnasium aangesluit. Omdat sy so baie op die skepe werk, kon sy nie 'n kontrak teken nie, maar betaal van maand tot maand. Dis kos meer geld, maar dis beter so. Sy sien hoe Tracey aangeloop kom. Sy kry 'n glimlag op haar gesig, en staan van die bank af op, met haar waterbottel en handdoekie in haar hand. Tracey sien haar en glimlag terug.

"Hoe gaan dit met jou vandag?" vra Tracey.

"Dit gaan goed, dankie. Ek is net bietjie styf om my maag!" lag sy. Sy sien Tracey loop na die oorgewig vrou toe wat daar naby staan en Bebe stap solank by die studio in nadat Tracey dit oopgesluit het. Sy gaan staan by haar fiets en doen ondertussen die nodige verstellings.

"Het iemand al vir jou 'n eetprogram uitgewerk?" vra Tracey aan die oorgewig vrou.

"Nee," antwoord die vrou vinnig.

"Nou kom saam met my." Hulle stap tot by haar kantoortjie en Tracey haal haar fiksheidslêer van die boekrak af. Sy wys vir die vrou dat sy moet gaan sit. "Ek gaan eers jou gewig neem, jou arms meet, jou maag, ensovoorts, en jou lengte bepaal, en dan gaan ek jou liggaamsvet uitwerk. Hierna gaan ons kyk hoeveel jy moet weeg. Dan sal ek vir jou 'n gesonde eetplan gee."

Ná Tracey haar gemeet en haar gewig geneem het, haal sy vir haar 'n eetplan uit. "Kyk maar hierdeur." Tracey oorhandig die papier aan haar. "Volg hierdie eetplan elke dag, kom *spin* elke dag, en jy sal gou jou eindresultaat bereik."

Die res van die klas kom binnegestap en loop na hulle fietse toe. Tracey is reeds op haar fiets en die CD wat sy aangesit het, begin speel. Almal is gereed en hulle begin op weerstand 2. Pink se *Raise Your Glass* begin speel en Tracey wys vir almal dat hulle vinniger moet trap. Die koorgedeelte begin speel en sy wys hulle moet na weerstand 5 toe draai.

"Dubbeltyd!" en sy hoor hoe Bebe haar bevel eggo.

Tracey glimlag net en kyk dan weer na die oorgewig vrou. Dit lyk na 'n baie oulike meisie dié. Sy kan sien die vrou is nog jonk. Seker opgehou met omgee in haar lewe, dis hoekom sy so oorgewig is. En dit help nie regtig dat mens kos en lekkergoed jou beste vriend maak nie, want kort-voor-lank gaan dit jou enigste vriend wees. Vir wat moet mense altyd na die uiterlike kyk? Die vrou het die mees wonderlikste persoonlikheid! Maar Tracey het gesien hoe die klas sulke draaie om haar geloop het toe hulle die studio ingestap het, én ook die kyke wat hulle haar gegee het! So asof hulle niks met haar te doen wil hê nie. Hulle het maar net gegroet omdat hulle moet! Hulle het maar net met haar gepraat omdat hulle moet. Hulle het net geglimlag omdat hulle moet!

Tracey sien weer vir Bebe. Sy is ook nog jonk, ten minste sewe of agt jaar jonger as sy self. Sy het by Bebe gehoor sy is nuut in Mosselbaai, en sy het geen vriende daar nie. Die arme kind! Sy besluit om vir Bebe onder haar vlerk in te neem. Dit sal hulle altwee net goed doen!

"Weerstand 9 julle, staande!"

Die sweet drup weer van almal se voorkoppe af, en party gaan sit selfs as Tracey nie kyk nie - en staan dan vinnig op as sy in hulle rigting kyk. Party van hulle sit weer hulle weerstandsknoppie terug op weerstand 2, want hulle trap nou al tien minute op weerstand 9! Die koor van die liedjie begin weer, en Tracey wys hulle moet na weerstand 10 toe gaan. Sy hoor hoe skreeu almal in die klas in een stem: "Néé!"

"Toemaar," paai Tracey. "Dis net vir vyf minute."

Sy hoor hoe almal se asems hyg en dit klink of hulle nou gaan dood neerslaan. Die liedjie is amper klaar en Tracey praat gou toe Pink haar laaste noot sing.

"Daarso julle, terug na weerstand 2."

Sy hoor hoe almal tog te bly is hulle kan nou weer sit en trap. Dis soos een beweging wat hulle almal na hulle handdoeke en waterbottels gryp. Tracey wys hulle moet hulle fietse stel sodat daar geen weerstand is nie. "Dankie tog!" hoor sy een sê.

"Nou afkoeltyd!" maak Bebe die vrou se sin klaar.

Hulle doen hulle strekoefeninge en almal groet om uit die klas te gaan. Bebe loop na Tracey toe.

"Kan ek jou vir 'n koffietjie vat?" vra Bebe.

"Natuurlik, dit sal lekker wees dankie."

"Ek wil net gou eers gaan stort," en sy wys na haar gimnasiumdrag, "en dan sommer uit hierdie klere ook uitkom."

"Dis reg so. Ek wil ook gou gaan klaarmaak." Tracey tel haar oefensak op. "Kry jou oor so twintig minute hier by die rusbank voor die studio?"

Bebe knik en loop uit die studio uit.

Dié keer is dit Tracey wat wag. Maar darem nie te lank nie. Bebe kom aangetrippel. "Skuusie jy moes wag!"

Tracey kry 'n glimlag op haar gesig. "Toemaar, dis reg so!" antwoord sy. Sjoe, Tracey raak amper jaloers toe sy vir Bebe sien. Sy lyk asemrowend! Maar dan weer, as jy oefen, is jy veronderstel om goed te lyk, dan nie? Behalwe die oorgewig vroutjie. Sy lyk glad nie goed nie, maak nie saak of sy klaar gestort het en of sy nog besig is om te oefen nie. Maar sy wat Tracey is, gee nie om nie - dis nie die uiterlike wat tel nie, en daardie vrou het die mooiste persoonlikheid! As sy maar net die helfte van haar persoonlikheid gehad het. Maar dit help ook nie regtig dat almal in die klas so sku is met haar nie.

Tracey is ook een van die mense wat geseën is met haar goeie trekke. Sy is baie aantreklik met 'n groot mond en swart hare wat bietjie krul as dit nat is. Sy het groot bruin oë, en 'n lyfie wat soos Salma Heyek s'n lyk. En sy is nie eens 'n bietjie hoogmoedig nie. Sy kyk nie neer op mense nie. Soos die dokter gesê het - kyk net neer op mense as jy hulle ophelp. Sy help graag. Waar en wie ook al sy kan!

Hulle stap by die klein restaurantjie naby die gimnasium in, en die kelner kom vorentoe met die spyskaarte.

"Tafel vir twee?" vra hy vol selfvertroue.

"Ons gaan net ietsie drink?" Is dit Tracey wat eerste praat.

"Weet jy, nee, kom ons eet ook ietsie. Ek sal betaal."

Tracey lag. "'n Slaaitjie vir jou?"

"Ja seker vir jou ook - hoenderslaai?" vra Bebe terwyl hulle die kelner volg. Die kelner glimlag. Tracey wys dat hulle graag op die stoep aan die buitekant wil sit.

Die kelner vat hulle na 'n aangename tafeltjie toe in die hoek. Tracey gaan sit. Bebe ook.

"Twee mineraalwaters, asseblief." Dit is Bebe wat dan dié keer eerste praat. "Ek weet ek het gesê koffie, maar dit is bietjie warm."

"Dis reg so." Tracey haal haar handsak uit en grawe in die pienk sak. Sy kom op haar pakkie sigarette af. Bebe se oë rek. Sy sien hoe Tracey die sigaret opsteek.

"Ek het nie geweet jy rook nie?" vra Bebe eintlik 'n bietjie geskok.

"Ja. Ek doen."

"Jy moet ophou."

"Ja. Almal sê dit. My man rook nie, my ma rook nie, my skoonpa of skoonma rook nie, en niemand in hulle hele huis rook nie. My swaer sal ook gereeld vir my sê ek moet ophou rook. En ja," lag sy. "Ek is nog nie reg om op te hou rook nie, sal ophou rook wanneer ek voel ek is die dag gereed om op te hou rook."

Bebe trek net haar skouers op. Die kelner sit die twee waters neer en vra of hulle reg is om te bestel. "Twee hoenderslaaie asseblief," laat Tracey hoor.

Ná hulle geëet en betaal het, loop hulle na hulle motors toe en ry dan weg. Tracey durf die besige pad na haar huis toe aan.

By die huis loop sy haar vas in Judith. "Slaap ma?" vra Tracey toe sy klaar gegroet het. Judith kom baie keer by haar en Eric se huis aan om gou vir Sarah te kom kuier. "Ja, en Eric is in sy studeerkamer."

"Ek kom nou," en sy loop na Eric toe. "Gaan net gou vir hom sê ek is by die huis."

"Hallo my beminde!" groet sy.

Hy staan van sy stoel af op en loop na haar toe om haar 'n drukkie te gee. "Hoe was jou dag?" vra hy dan. En sy kry dan 'n soentjie ook.

"Lekker. Ek het gou ietsie saam met Bebe gaan eet by daardie restaurant by die *gym*."

"Nou wanneer ontmoet ek hierdie vrou?" lag hy.

"Ek kan haar een aand oornooi vir 'n braai?" skimp sy.

Hy loop na die lessenaar en haal sy telefoon van die tafel af, en oorhandig dit aan Tracey. "Doen dit sommer nou." Hy kyk haar aan. "Ek wil die vrou ontmoet wat 'n glimlag op my vrou se gesig sit."

Tracey glimlag darem beter die laaste ruk. Sy het baie terneergedruk geraak met haar ma wat siek is. Sarah bly nou al twee weke by hulle, en hy kan sien dit vat aan haar. Sy was altyd so sprankelend, maar deesdae blink haar oë nie meer as sy lag of glimlag nie. Dis goed dat sy vriende het, of in dié geval het sy een vriendin wat alles vir haar beteken.

Sy staan en glimlag vir hom en tik die nommer in.

Ná 'n tien-minute gesprek, lui sy af. "Sy sal seker oor so 'n uur hier wees. Nooi ons dan sommer vir Gavin en Judith?" vra sy weer. Gavin is Eric se broer en Judith is Tracey se suster. Gavin is so drie jaar jonger as Eric. Eric is nou vier en dertig en Tracey dertig.

"Ja, en Charleen?" lag hy.

Ag hoekom? vra sy vir haarself. Sy moet Eric se suster seker óók nooi.

"Ja ons kan seker," sê sy sarkasties.

"Nee, los dit," laat hy hoor. "Ek is nie nou lus om te ry nie, en ek gaan nie my pa of ma vra nie."

Gavin kan haar mos gaan haal en huis toe vat vanaand. Maar dít sê sy nie vir hom nie. Sy wil haar nie daar hê nie. Nie totdat Charleen eendag maniere gekry het nie.

Hoofstuk 2

Sarah kom by die kamer uitgestorm. “My kam is weg!” skreeu sy.

Eric loop na haar toe. “Wat, Ma?” vra hy rustig toe hy na haar toe loop en aan haar skouer vat.

Sy ruk los en draai haar kop en sien vir Judith. “Dis sy gewees!” en sy wys met haar wysvinger in Judith se rigting.

“Wat het ek nou gedoen?” vra Judith vol emosie aan Tracey.

“Dis sy wat my kam weggegooi het,” sê Sarah hoogstens ontroerd.

“Kom ons gaan kyk in die kamer, Ma,” probeer Tracey die situasie red.

“Dit is nie daar nie. Ek het klaar gekyk!” Sarah is nou eintlik mislik. Haar stem is gemaak grof, sodat mense kan sien sy is ontsteld. “Ek soek jou nie weer in my kamer nie!” skreeu sy op Judith. “Ek weet in elkgeval nie wie jy is nie!”

Dit maak seer! Judith is nou amper na aan trane. Hoe kan haar eie ma nie weet wie sy is nie? Ja, die dokter het gesê sy sal sukkel om mense, name en plekke te onthou, maar hoekom onthou sy dan vir Tracey en nie vir haar nie? Sy draai om en loop na buite. “Ja,” hoor sy Sarah skreeu. “Trap uit my huis uit! Ek wil jou nooit weer sien nie!” jak sy vir Judith af en draai na Tracey en Eric.

“En wie is julle?” vra sy nog steeds kwaai. “Julle kan maar ook uit my huis uit trap! Ek verstaan nie eers hoe het julle ingekom nie!”

Sy ruk Tracey aan haar arm om haar by die deur uit te help en stamp haar na buite. Sy val, maar gelukkig nie hard nie, net op haar knieë. Judith help haar op en hulle loop na die swembad.

“Waar is Eric?”

Tracey trek haar skouers op. Is dit hoe dit gaan wees van nou af? Sy het nie krag vir dit nie!

Sy sien hoe Eric by die deur uitloop en Sarah die deur toeklap. Hy kom na hulle toe aangestap.

Dis vir 'n geruime tyd stil en dan breek Judith die stilte.

"Gelukkig is Willemien en Jako by Gawie. Ek sidder om te dink wat hulle van hierdie situasie sou dink!" Gawie is Judith se eks-man. Hulle is so twee jaar of wat terug geskei. Hy kom haal die kinders elke week en dan slaap hulle oor by hom en sy nuwe vrou. Gawie werk saam met Eric by dieselfde internasionale maatskappy wat skoolskryfbehoeftes voorsien. Hy het die pos aanvaar wat beteken dat hy en sy vrou baie moet rondreis. Sodat Eric dit nie hoef te doen nie. Anders sou Eric net twee keer 'n jaar by die huis gewees het vir 'n paar weke lank. Gelukkig werk Gawie se vrou ook daar.

Tracey en Eric het Gawie by die ouditeursfirma ontmoet waar hulle vroeër gewerk het en wat later bankrot gespeel het. Tracey het dadelik aan Judith gedink toe sy hierdie aantreklike enkellopende man ontmoet. Judith en Gawie het na 'n paar maande getrou en voor hulle kon raai was Judith swanger met Willemien en Jako. Die kinders was nog klein toe hulle geskei het. Dit het net na die bankrotskap van die besigheid gebeur en hy en Eric het toe altwee na die skoolbehoeftes-maatskappy toe gegaan. En 'n rukkie later toe hoor hulle Gawie gaan weer trou met 'n vrou wat hy by die maatskappy ontmoet het. Gelukkig het die twee nie enige onenigheid tussen hulle nie, en Tracey en Eric kom ook nog goed met hom oor die weg.

Tracey is eerste wat antwoord. "Ja dit is goed."

Eric vryf sy hand op en af en frons.

"En nou?" hoor jy weer Tracey se stem.

"Jou Ma het my gebyt toe ek my spaarsleutels wou kry."

Judith lag, maar dis meer uit benoudheid as enige iets anders.

Tracey tel sy hand op en sien die tandmerke. Sy bring sy hand tot by haar mond en soen dit. "Jammer my beminde!" praat sy toe sy hand weer syne is.

"Ag dis maar net meer van 'n geskrik as enigiets anders," lag hy.

Judith loop na hom toe, tel sy hand op en kyk na die bytmerk. "Kon jy toe die sleutels kry?"

Eric lag nog steeds. "Ja, ons moet maar 'n rukkie wag tot sy gaan slaap, en dan ingaan. Slaap vanaand hier, Judith."

"Ek weet nie." En sy trek haar skouers op.

"Ag toe man!" Sê Tracey "Môre gaan dit weer beter."

Judith stem in. Hulle sien 'n motor se ligte by die hek. "Dis Bebe! Ek het vergeet om haar te bel om te kanselleer!" sê Tracey benoud.

"Ons bly nog 'n rukkie hier buite. Ek sal vir ons 'n bottel wyn en pizza gaan kry. Ek is nou terug."

"Bring sommer twee, een gaan nie genoeg wees nie." Dis Judith wat hier praat. Eric glimlag vir haar en loop na sy motor toe in die motorhuis, nadat hy vir Bebe die hek oopgemaak het. Sy parkeer haar motor langs Tracey sin, klim uit en loop na Judith en Tracey toe.

"Jammer," sê Tracey vinnig. "My ma het een van haar episodes gehad. Ons moes eintlik kanselleer, maar Eric het gou vir ons 'n bottel wyn gaan kry saam met pizza."

"Sjoe Tracey, dis jammer man," sy kyk na Eric se motor wat by die hek agteruit ry. "Kuier ons hier buite?"

"Onder omstandighede, ja," antwoord Tracey vinnig. Hierdie situasie is nie maklik nie, en sy kan nie so aangaan nie. Dalk moet hulle maar vir Sarah in 'n tehuis sit. Sy weet net nie hoe gaan sy groet nie. Sy is so lief vir haar ma!

"Watter omstandighede?" vra Bebe nuuskierig.

Judith kom vorentoe, en begin gesels. Sy vertel vir Bebe wat presies gebeur het. En jy kan die simpatie in haar oë sien en in haar stem hoor. Judith en Tracey se oë skiet vol trane, maar hulle hou dit in.

'n Rukkie later is Eric terug met twee bottels rooiwyn en twee pizzas. Hy kom nader en wys vir Tracey die wyn. Sy knik om te wys dis reg.

"O hemel," verstik Tracey amper nadat sy 'n happie van die pizza gevat het. Sy is nogal honger. Daardie hoenderslaai van vanmiddag was nie genoeg nie! "Ons het nie glase hier buite nie."

"Dan drink ons maar uit die bottel uit, sus," sê Judith. "Jy het nie 'n idee hoe ek nou 'n drankie nodig het nie." Sy vat 'n bottel by Eric. Gelukkig kan sy die bottel met haar hande alleen oopmaak, want hulle het skroefproppies. Sy hou die bottel met haar linker hand vas, en draai die prop af met haar regterhand. Die prop val, maar sy gee nie om nie, sy soek nou net wyn! Sy lig die bottel op en vat 'n groot sluk.

Dis 'n ligte rooiwyn. En dit val sag op die tong.

"Hei, hei hei, los net bietjie vir ons ook, toe?" lag Eric.

Sy kyk hom sarkasties aan en drink verder. Tracey sien dat haar suster nou regtig nie lus is vir speletjies nie, en sy keer Eric met haar hand toe sy sien dat hy weer speels gaan keer. Bebe sien die ongemak-

likheid raak en is doodstil. Judith oorhandig die leë bottel wyn oor aan Eric.

"Dankie dit was lekker," sê sy kortaf. "Die Bybel sê vir 'n mens in Matteus 15:11: 'Dit is nie wat by die mond ingaan wat die mens onrein maak nie. Maar wat by die mond uitkom, dit maak mens onrein.'"

Almal staan in stilte en Tracey dink by haarself dat Judith dit net nie uit konteks moet vat nie.

"Ek gaan nou ry," sê Judith. "Ek gaan nie hier slaap vanaand nie, ek gaan bietjie uit vanaand." Sy loop na haar motor toe, klim in en ry.

"Los haar, my beminde," is Tracey se antwoord toe Eric haar sê sy het nie nodig om so aan te gaan nie.

"Ek dink ek moet ook gaan. Ek het nie op die regte tyd gekom nie," laat Bebe van haar hoor.

Tracey loop saam met haar motor toe. "Ek is jammer dit het nou so uitgedraai." sê Tracey.

"Dis honderd persent. Jy kon nie voorsien dat dinge so sou uitwerk nie."

"Maar ek is nogmaals jammer. Ons kan reël dat ons weer bymekaar uitkom."

"Dankie, sien jou môre!"

Tracey loop na Eric toe nadat sy klaar gesien het Bebe se motor se ligte verdwyn om die hoek, en sy klaar vir Bebe gewuif het.

"Is jy nog reg?" vra Eric toe hy sien Tracey is baie naby aan trane.

"Ja, ons moet kyk of my ma al slaap want ek wil ook gaan slaap…"

*****

Die oggendson skyn deur die gordyne en Tracey draai op haar sy om te kyk waar Eric is toe sy voel hy lê nie meer langs haar nie. Sy staan op en trek haar kamerjas oor haar nagklere aan. Sy maak die slaapkamer se deur oop en loop uit. Sy sien Sarah se deur staan ook oop en loer in. Haar bed is leeg.

Sy loop kombuis toe. "Daar staan ek en sê vir hom hy kan maar gaan vlieg!" hoor sy Sarah se stem weergalm in die kombuis en dan hoor sy Eric wat lag, uit sy maag uit. Dis vanselfsprekend dat wat sy nou aan Eric vertel het, baie snaaks is, want Tracey het hom lank terug so lekker hoor lag. Sy stap by die kombuis in en Eric loop na haar toe om haar te groet. Hy soen haar op haar wang en vra of hy vir haar koffie kan maak. Sy knik.

"Môre my kind," praat Sarah vinnig.

"Môre mammie!" en sy leuen vorentoe om Sarah te soen.

Eric sit haar koffie voor haar neer. Tracey soek haar sigarette. "Ek gaan net gou rook," en sy loop buite toe.

Buite staan sy in die son. Dis besig om koud te word. Sy is 'n wintermens en sy kon nie wag vir die winter nie. Sy sien die meeste bome se blare is al bruin. Sy kyk na die klomp broodbome in hulle tuin. Langs die swembad is 'n struik, 'n *Pittosporum viridiflorum*. Dis nou nie regtig 'n struik met helder vrolike blomme nie, maar is baie groen en die insekte en voëltjies is mal oor al sy saadjies. Die struik is baie droogtebestand en kan die seewind met gemak vat. Toe hulle die huis so drie jaar terug gekoop het, het die verkoper gesê dit was nogal 'n probleem om die regte plek te kry om hom te plant.

Eric kom buitentoe met ou brood en gee dit vir Tracey sodat sy haar voëltjies kan voer. Dis die mooiste gesig as die voëltjies afvlieg grond toe en die broodjies wat wyd versprei is op die gras, oppik, en dan as hulle lekker dik gevreet is, opvlieg en teruggaan van waar hulle vandaan kom. Vandag is sy nie lus om dit te doen nie, en sy gooi die brood op net een plek. Sy sien hoe die voëltjies afvlieg en sy draai dan haar rug op hulle. "Ek sien jy en Ma het lekker gesels?"

"Ja, sy het my 'n storie vertel van toe sy op skool was, 'n outjie wat haar wou uitneem op 'n afspraak, maar sy het niks van hom gehou nie, en van 'n..."

"Ja, het al die storie gehoor," en sy beduie met haar hande in die lug. "'n Ander ou, toe vind sy uit hulle is boeties en die een boetie waarvan sy hou is verlief op 'n ander meisie, en toe sy die boetie wat van haar hou gaan sê sy sal met hom op 'n afspraak gaan, toe sê hy sy boetie het sy meisie gelos want hy is nou ewe skielik verlief op haar..."

"Toe het hulle kunsklas en sy gooi die hele bak geel verf op hom uit. Maar sy kon nie sy gesig sien nie, want hy het agter die skildery gesit en toe sy omdraai loop sy in altwee die boeties vas. Toe het sy die blik verf op die een boetie se vriend uit gegooi. Sy het toe uitgestap en almal het lekker gelag toe die een vir haar sê hy soek nie meer 'n geel mannetjie as 'n vriend nie. Sy het haar vererg en gesê hy moet..."

"Gaan vlieg..." maak Tracey sy sin klaar.

Eric kyk na Tracey en sê: "Weet jy? Dis nou ewe skielik nie snaaks nie!" lag hy vir homself.

"Ja," begin Tracey ook lag. "Niemand kan daardie storie vertel soos my ma nie!"

Sy vat nog 'n slukkie van haar koffie, en maak verskoning: "Ek moet *gym* toe gaan. Ons praat later?" sy wag nie vir 'n antwoord nie, soen hom vlugtig en draai om in die huis in te stap.

Sarah staan nog steeds in die kombuis en was skottelgoed. Dis nogal snaaks, want sy het lanklaas skottelgoed gewas, omdat sy dit nie meer kon doen nie. Dis asof sy nie krag gehad het om dit meer te doen nie. Tracey loop vinnig verby om gou te gaan bad, en sê sy sal nou kom groet.

"Sien Mamma vanmiddag!" hoor Eric sy vrou met haar Ma praat in die kombuis. Sy is darem die mooiste vrou ooit! Sy is asemrowend, verloklik, en het 'n fantastiese persoonlikheid. Hy het haar so lief! Wat hy ooit sonder haar sou doen, weet nugter alleen! Hoe sy hom die mooi dinge in die lewe gewys het. Hoe sy hom laat besef het mens het net liefde nodig in die lewe, niks meer nie. Liefde vir God en liefde vir jou medemens. Sy maak vriende met almal wat sy ken; met almal wat sy ontmoet. Almal hou van haar. Sy kom so goed met sy Ma-hulle oor die weg. Hy kon nie vir 'n beter vrou gevra het nie. Sy is alles en nog meer.

*****

Die dae begin sy tol eis. Tracey is op en af tussen die huis en haar gimnasiumklasse. Soos vandag. Dié gimnasiumklas is darem vinnig klaar en Tracey loop na Hester se kantoor toe. Sy raak nou emosioneel moeg. Sy kan nie haar Ma en die gimnasium beide meer hanteer nie. Sy sal moet bedank, of iets. Sy kan nie meer so jaag nie. Sy kan net eenvoudig nie meer nie. Partykeer kry sy nie eers geslaap in die nag as Sarah een van haar episodes het nie. Sy kan nie meer na haar kyk nie, al wil sy hoe graag.

Sy klop.

"Binne."

Sy stoot die deur oop en stap binne.

"Hoe gaan dit Tracey?" Sê Hester vriendelik.

"Nie so goed nie Hester." Sy sug. "Ek moet bieg." Sy loop na die stoel toe en sy gaan sit. Sy wag dat sy Hester se aandag het voor sy verder begin praat: "Ek kan nie meer die mas opkom nie, ek sal die *spinning*-klasse moet opgee, ek kan nie meer werk en na my ma kyk nie!"

Hester stry nie. Sy bewonder vir Tracey. Sy sou dit nooit kon doen nie. Dis nie in elkeen se broek om 'n siek mens te versorg nie. "Dis reg so. Jy kan terugkom sodra jy reg is, maar maak net jou sessie môre klaar, dat ek net iemand anders in jou plek kan kry."

"Dankie dat jy verstaan."

Tracey staan op, groet en loop by die deur uit.

Die volgende oggend is Judith en Bebe by die klas. Tracey is al weer laat. Sy kom vyftien minute nadat die klas moes begin het daar aan. Judith het ook al begin rusteloos raak en haar gebel,

"Ek is op pad." Vyftien minute later.

Sy maak verskoning dat sy laat is en Bebe het sommer die klas oorgevat en vandag instruktrise begin speel. Sy bied klasse aan op die skepe, waar sy 'n gimnasuim-instruktrise is. Uiteindelik is die klas klaar en Bebe staan op om na Tracey en Judith te gaan.

"Kyk Eric na haar?"

Net 'n geknik van Tracey af.

"Ek moet gaan," sê Tracey weer.

"Ek ook," sê Bebe. "Ek moet reëlings gaan tref. Ek vertrek oor ses maande - weer vir ses maande op see."

"Waarnatoe?" vra Judith. Bebe het haar nog nie vertel dat sy op die skepe werk nie.

"Ek werk op die *cruise liners*. Ek gaan werk vir so ses maande, dan kom rus ek vir so paar maande en dan gaan ek weer. Ek doen dit nou al vir drie jaar."

Tracey kyk na Judith. "Ons kan nou ry," sy beduie met haar hande na Bebe. "Praat maar eers klaar."

Judith glimlag. "Vertel my meer. Ek stel ook belang om so iets te doen."

Bebe begin te gesels: "'n *Cruise liner* is soos 'n hotel wat op water dryf. 'n Volkome stad op die see. Daar is meer as 300 tipe poste aan boord waarvoor jy kan aansoek doen. Van die vakante poste wat gewoonlik beskikbaar is, is byvoorbeeld kroegmanne, kinderoppassers, musikante, vermaaklikheidkunstenaars, casino-personeel, restaurantpersoneel, gashere en gasvroue. Jy moet natuurlik baie goed kan kommunikeer en jy moenie bang wees vir harde werk nie. Hulle stel gewoonlik die hele jaar mense aan, en dit kan dan tot ses maande duur voor jy kan begin. Maar dit kan hernu word, soos met myne. Jy moet vlot Engels kan praat en as jy enige ander tale kan praat sal dit 'n groot voordeel wees. Hulle stel mense aan met ondervinding, maar hulle gee ook opleiding aan boord. Jy kan vir 'n werkie op die skip aansoek doen, maak nie saak in watter land jy bly nie. Verkoop jouself aan hulle, stuur jou CV saam met 'n motiveringsbrief, maar jy moet dit in Engels doen.

Ek sal later die dokumente by jou kry, dan sal ek kyk of ek 'n paar toutjies kan trek."

En Bebe sluit af met: "Dit sal lekker wees as jy miskien saam met my op 'n boot kan werk."

Hulle stap uit die studio uit en die drie dames loop elk na hulle onderskeie motors toe.

Nóg twee maande het verloop en Tracey en Eric het al hoe meer van mekaar af weggedryf. Dinge gaan net nie goed nie. Hulle kan nie meer so aangaan nie, voel Tracey. Hulle is nie professioneel opgewasse om vir Sarah op te pas nie. Sý veral kan nie meer haar uitbarstings hanteer nie. Dit maak nou net te seer.

"Ek dink ons moet Mammie in 'n tehuis sit," sê Tracey aan Eric, toe hulle klaar aandete geëet het.

Hy knik. "Ek dink ook so. Dit sal beter wees."

"Ek het klaar name en nommers gekry van plekke en al klaar 'n paar oproepe gemaak." Sy oorhandig die papier aan hom. "Gedink hierdie plek lyk reg."

Sy oë rek toe hy sien wat dit kos. "Ons sal 'n plan maak. Ek dink dié plek lyk reg."

Tracey voel hoe sy wonder of sy die regte besluit maak. Dis so asof sy haar moedertjie weggooi. En alles gaan nie nou net hier oor die siekte nie. Is sy as kind nie veronderstel om dit te sluk en vergeet van alles en dan net mooi na haar ma te kyk nie? Die dogter wat haar ma in 'n tehuis sit omdat sy dit nie meer kan hanteer nie? Wat moet die mense van haar dink? Maar nee, dit gaan nie nou hier oor haar nie. Dit gaan oor Sarah, en om haar in 'n tehuis te sit sal die beste vir hulle almal wees veral vir Sarah.

Hoofstuk 3

Tracey dink aan Matteus 5:25: *Daarom sê ek vir julle: Moet julle nie bekommer oor julle lewe, oor wat julle moet eet of drink nie, of oor julle liggaam, oor wat julle moet aantrek nie. Is die lewe nie belangriker as kos en die liggaam as klere nie?*

"Ek kan nie eers glo jy dink daaraan nie!" skreeu Judith op Tracey. Judith is haar suster, maar partykeer wens sy, Tracey, sy kon 'n beter suster gehad het. Maar tog weet sy die Here sê dan immers in 1 Johannes 2:9-10: *As iemand beweer dat hy in die lig is, maar hy haat sy broer, is hy nog steeds in die duisternis. Wie sy broer liefhet, bly in die lig, en daar is niks wat hom laat struikel nie. Maar wie sy broer haat, is in die duisternis en weet nie waar hy gaan uitkom nie, omdat die duisternis hom blind gemaak het.*

"Ek sien nie kans nie, Judith."

"Dis ons ma!"

"Ek gaan haar in 'n tehuis inboek. Dis so maklik soos dit." Sy sug. "Hulle gaan in elkgeval beter na haar kan kyk as wat enige iemand van ons hier dit kan doen!"

Judith draai om en loop uit die vertrek uit. Sy is nie kwaad vir Tracey nie. Sy haal haar hoed af vir haar. Sy het al baie vir hulle ma gedoen, meer as wat sy self nog ooit gedoen het. Sy draai weer om en kyk vir haar sussie.

"Laat weet my net wanneer julle haar vat, dat ek darem net kan kom groet."

Tracey knik.

"Ek het slegte nuus." Hoor sy Eric se stem agter haar.

Sy sug. "Wat nou?"

Hy skud sy kop. "Een van my kliënte het hulle kontrak gekanselleer. Ek het peil getrek op die geld die einde van die maand, maar nou kom dit nie. Geen ander skole het iets bestel nie."

"Ag, dis al wat ons nou nodig het!" Sê Tracey met 'n sug. Sy is nie nou nog lus vir dít ook nie!

Hy werk net op 'n kommissiebasis en as hy geen skole as kliënte het nie, maak hy geen geld nie. Dit gaan elke maand fantasties, maar nou hierdie maand wat hulle ekstra geld nodig het, gebeur daar niks. Sy kyk na hom: "Nou wat nou?"

"Wel daar is nie geld vir die tehuis nie, so ek sal maar 'n verband op die huis neem."

Tracey dink aan Hebreërs 12:5 *…My kind, moet dit nie gering ag as die Here jou tug nie en moenie mismoedig word as Hy jou teregwys nie, want die Here tug hom wat Hy liefhet, Hy straf elkeen wat Hy as kind aanneem.*

Tracey sug weer. En loop kombuis toe. Is dit die begin van swaarkry vir hulle? Sy kry Psalm 3:4 in haar gedagtes: *Besef tog dat die Here wonders gedoen het vir dié wat aan Hom getrou is. Die Here hoor as ek na Hom roep.*

"Sjoe, die paaiement is hemelhoog! Hoe gaan ons dit ooit kan bekostig?" skreeu Tracey op Eric.

"Bedaar!" vererg hy hom vir haar. "Ons het nie veel van 'n keuse nie!"

Tracey kyk na Eric. "Ek het nie die krag vir dit nie." Sy draai haar gesig weg van hom af. "Jy kon 'n ander plan gemaak het!"

"Watter plan kon ek gemaak het, Tracey?" sê hy nou hoogs befoeterd. "Dit kon dalk gehelp het as jy ook gewerk het!"

"Jy weet ek kan nie werk nie! Wie sal na mammie omsien? Judith sal nie."

"Dit help nie ons slinger nou verwyte rond nie. Dis gedoen."

"Ek weet nie of ons dit gaan bybring nie, my beminde," sê sy sag.

"Ons sal dit weer maak, weer bo uitkom." Hy wys vir haar die stukkie wat hy vandag uit die Bybel gelees het: "Matteus 19:26: Jesus het reguit na hulle gekyk en gesê: 'Vir mense is dit onmoontlik, maar vir God is alles moontlik.'"

*****

"Ag hemel ek haat dit!" Tracey loop weer na die telefoon toe. Die verband is geneem, Sarah is in 'n tehuis ingeboek, en dinge wil net nie regkom nie. Hulle het 'n ekstra persoon by Eric se werk aangestel en dié spring Eric voor met al sy kliënte! Maar sy kan seker nie verwag van Eric om soos 'n robot tekere te gaan nie. Hy het ongelooflike baie stres, maar die hemel wéét, sy ook. Sy is die een wat al die oproepe moet maak aan die pandjieswinkel. Dis weer een van daardie dae, sy sal maar net noodgedwonge die pandjieswinkel moet bel en iets gaan verpand. Eric se woorde swem weer in haar gedagtes rond. "Dit sou gehelp het as jy gewerk het!"

Hester het iemand anders in haar plek gekry en 'n ses maande kontrak met die persoon geteken, dus kan Tracey nie nou teruggaan nie, al wil sy. Sy dink aan die keer toe sy probeer het om 'n ekstra paar rand te maak – dié dag wat sy by die Casino ingestap het, want sy was te moeg om te sukkel en toe het sy 'n hele R500 uitgedobbel. Sy het by die huis gekom en dié stukkie in Jesaja 65:11-12 gelees: *Maar julle wat die Here verlaat, wat My heilige berg vergeet, wat 'n tafel dek vir die geluksgod en die mengsel inskink vir die godin van die noodlot. Ek sal julle bestem vir die swaard, en julle almal sal buig om geslag te word, omdat EK geroep maar julle nie geantwoord het nie, EK gespreek maar julle nie geluister het nie, maar gedoen het wat verkeerd is in MY oë en verkies het wat My nie behaag het nie...* en ook Spreuke 29:20: *'n Betroubare man is baie voorspoedig. Een wat gou wil ryk word sal sy straf kry.*

Die Here sal voorsien, en sy het gaan dobbel, net om met minder geld terug te kom as wat sy mee gegaan het. Sy moes vir Bebe bel en haar smeek om haar R500 te leen, en Bebe het. En dan 'n maand later leen sy weer R300! Sy het darem al intussen vir Bebe weer R400 terugbetaal, maar sy skuld haar nog R400.

Sy kan nog die gesprek onthou toe sy vir Bebe nou die dag in die stad raakgeloop het: "En hoe gaan dit?" vra Bebe vir Tracey.

"Dit gaan goed, dankie," is haar kortaf antwoord. Eric weet nie eers sy het by haar geld geleen nie.

"En gaan dit darem nou al bietjie beter met die finansies?"

Sy voel hoe sy wens die wêreld moet haar insluk en op 'n ander plek uitspoeg.

"Ek belowe ek sal jou geld vir jou terug gee, gee my net nog 'n bietjie tyd!"

"Moenie jou bekommer oor die geld nie, ek verstaan dat julle sukkel, ek sal die geld terug verwag wanneer julle dit het, en asseblief Tracey, moet nooit dink ek skimp vir die geld nie, of as ek jou vra hoe dinge by julle finansieël gaan dat ek vra vir die geld nie. Ek weet mos dat jy my geld sal terugbetaal sodra jy die fondse het daarvoor. Dit was regtig nie my bedoeling toe ek jou gevra het nie. Ek was bloot nuuskierig om te hoor of dit darem al nou beter gaan. So asseblief ontspan oor die geld wat jy my skuld. Ek weet dat jy nie vergeet het nie en ook nie sal nie."

Bebe sak haar kop en kyk vinnig weg en dan weer terug na Tracey. "Ek voel eintlik nou sleg dat ek jou uitgevra het oor die geld. Ek wou jou regtig nie onder die indruk gebring het dat ek nou my geld wil terug hê nie. Jammer as dit gebeur het, dit was nie my bedoeling nie. So ontspan nou asseblief daaroor en dit bly nog steeds tussen ons. Ek weet dat jy 'n vrou van jou woord is en dat jy my sal terugbetaal wanneer jy kan."

Tracey was so skaam sy het net gesê dankie en omgedraai om weg te loop van haar. Ja, sy het die geld geleen om haar skootrekenaar se rente te betaal wat sy verpand het, sodat hulle nie die rekenaar verkoop nie!

Jy kry darem nog ordentlike mense daar buite. Sy moes haar bediende laat gaan want hulle het nie meer geld gehad om haar te betaal nie. Sy moes elke dag die skottelgoed was, wasgoed was en stryk. Ja, dalk kla sy nou met 'n witbrood onder die arm, gelukkig het hulle kos om te eet, want dis hoekom die skottelgoed vuil is. Hulle het darem nog klere om aan te trek. En kos en 'n warm bed! Wat het 'n mens meer nodig? Sy kla nou onnodig!

Haar gedagtes kom terug by dit wat sy moet doen. "Goeie môre," praat sy met die vrou wat die telefoon antwoord: "Ek wil graag weet of julle televisies vat?"

"Bring hom in, sodat ons kan kyk."

Sy groet en lui af.

Toemaar Tracey, dit kan nie verewig só gaan nie. Sy weet Psalm 37:5 sê: *Laat jou lewe aan die Here oor en vertrou op Hom; Hy sal sorg.*

Sy vra vir Eric om die televisie in haar kar te sit sodat sy dit die volgende oggend kan gaan verpand.

"Hoeveel geld wou jy geleen het?" hoor sy die vrou vra toe sy klaar gereël het dat een van die helpers die televisie uit die motor gaan haal.

"Ek weet nie, soveel soos julle gee?" sê Tracey vinnig. Sy háát dit! Dis so vernederend! Dit krenk haar ego! Sy kan nie glo sy staan in 'n

pandjieswinkel om iets te gaan verpand nie, nét sodat hulle kos kan hê om te eet! Sodat sy net die water- en-ligte-rekening kan betaal. Hoeveel keer moes sy al gaan reël het dat hulle nie die krag moet afsny nie, sy sal betaal. Ag sy is nou so moeg gesukkel! Sy wil nie meer nie! Maar sy weet Matteus 11:28 sê: *Kom na My toe, almal wat uitgeput en oorlaai is, en Ek sal julle rus gee.*

Sy ry weg by die pandjieswinkel. Haar oë wat vol trane is, bly op die teerpad. "Ag Here ek kan nie meer so aangaan nie!" Sy weet haar lewenstryd gaan eindig. Al voel sy kan haarself nie meer verdedig nie. Dit voel of sy alleen is, asof niemand vir haar daar is nie. Dan onthou sy Psalm 61:1-6: *Hoor tog my hulpgeroep, o God, slaan tog ag op my gebed. Ver uit die vreemde uit, in wanhoop, roep ek na U. Bring my op 'n rots waar ek veilig sal wees. U is vir my 'n toevlug 'n sterk vesting buite bereik van die vyand. Laat my by U 'n blywende tuiste vind. Laat my skuil onder U vleuels. U, o God, hoor my geloftes, U vervul die wens van hulle wat U eer.*

Sy vlieg weer met haar gedagtes tot by vers 6 en sê dit hardop: "U, o God hoor my geloftes, U vervul die wens van hulle wat U naam eer. Hemelse Vader, ek bid vir ons finansies.

"Here ek wil nie meer so lewe nie. Ek weet U sal in 'n oogwink alles kan verander! Here, vee af my trane, wees my vertrooster. Laat daar kalmte in my gemoed kom O Heer! In Jesus Naam." Sy vee vinnig met haar elmboog haar trane af, terwyl altwee hande nog op die stuur is. Sy voel nou rustiger en kalmer.

Sy stap by die huis in, en sien Eric is alreeds in die studeer kamer. Hy lyk moedeloos.

"Wat is dit my beminde?" vra sy bang, en sy vrees wat hy nou gaan sê.

"Ek het die begroting uitgewerk," en hy staan van sy stoel af op en kom voor Tracey tot stilstand. Hulle kyk saam na die stuk papier.

Tracey se oë skiet vol trane. "Hoekom moet ons so sukkel?"

"Want," en hy bly stil. "Ek kan jou nie daar antwoord nie."

"Ek kan nie verstaan nie. Wat moet ons nog doen?"

"Daar is baie dinge in dié huis wat ons nie regtig nodig het nie, dinge wat ons kan gaan verkoop." Hy vat haar aan haar skouers. "Ek sal die pandjieswinkel bel."

Ja! As hulle eventueel alles gaan verpand gaan daar niks meer in hulle huis oor wees nie, dink sy.

*****

"Daar is niks van waarde in hierdie huis meer nie!" praat sy met Eric 'n paar weke later.

"Ons karre, en jou skootrekenaar."

Tracey sug. Dis nou regtig onnodig om haar skootrekenaar te gaan verpand. Sy bars in trane uit. "Dis die enigste ding wat vir my waarde is. Ek sal ophou rook, ek sal enige iets doen, maar nie my skootrekenaar nie!"

Eric voel jammer vir sy vrou. Hy weet hoe sy oor daardie blikbrein van haar voel. Die foto's wat daar op is, en die musiek. Hy kan dit nie oor sy hart kry nie, maar dit moet. Hy onthou hoe hulle haar eerste skootrekenaar gaan verpand het, en nie die geld gehad het om hom te gaan haal het nie, en sy het elke maand die berging- en administrasiekostes betaal, En toe is daar nie eers meer geld om dié te betaal nie! Al haar foto's wat sy verloor het, al haar musiek! Sy het dae om gehuil. Foto's is vir haar baie spesiaal, en Eric het vir haar gesê het hulle sal nuwe herinneringe maak, nuwe foto's neem. En hulle het. Wat as hulle dit nie kan gaan haal nie? Sy sal maar net moet kopieë maak van die foto's.

Hy oorhandig weer die begroting aan haar oor. "Ek moet onbetaalde verlof neem. Daar is fout met die direkteure en hulle wil dit uitsorteer. Hulle het gesê dit sal so ses maande vat. Maar ek word elke tweede maand betaal. Ek dink die een afdeling van die maatskappy is besig om bankrot te speel."

"Ag hemel! Dis al wat ons nou nodig het!"

"Ek weet, ek weet. Hulle gaan my oor ses maande verplaas na 'n ander afdeling. Groter salaris. Ons moet nou net geduldig wees."

Die telefoon lui. "Meneer Berringham?" Hoor hy 'n vrou aan die ander kant van die lyn praat.

"Ja?"

"Ek bel van die bank af, ek kyk nou na u state van u motor." Ag hemel, dit ook nog!

"Ja?"

"U het versuim om u motor se paaiemente te betaal. U is drie maande agterstallig. As u nie die agterstallige geld kan neersit nie, sal ons die motor moet kom haal."

"Ek het nie die geld om neer te sit nie," sê hy baie sag.